HALLO HOOGLAND

26 Mei 2024

041 367 1485 | info@pehoogland.co.za | www.pehoogland.co.za | 079 815 9325

Baie Welkom by vanoggend se Erediens!

Hoogland Geloof deur liefde tot dade

Die daaglikse nood vir iets te ete bly groot. Die noodspens benodig DRINGEND die volgende om in die onmiddellike, daaglikse nood te voorsien asseblief:

- Blikkies "*baked beans*" of vis

(verkieslik die self oopmaak tipe blikkie)

- Pakkies toebroodjies

(4 snye per pakkie met ten minste botter op, toegedraai in plastiek/plastieksakkie. Daar kan bv. polonie, marmite, konfyt, ens opgesit word verkieslik nie tamatie nie, omdat dit die brood sag maak)

- Warm, voedsame sop

(hier is houers by die kerk vir diegene wat wil help sop kook)

Program van die dag:

09:00 Oggenddiens: Ds Sunell Ribbens
10:00 GVG in hulle onderskeie lokale

Deurkollekte: PE Noord Gemeente

Algemeen

Program vir die week:

Maandag: 27 Mei
10:00 Gebedsaksie in die Gebedskapel

Dinsdag: 28 Mei
14:00 Vroue Bybelstudie
18:00 Doopkursus

Woensdag: 29 Mei: Verkiesingsdag
GEEN B'fontein Bybelstudie
GEEN Gemeente Bybelstudie
18:30 Wyn-op-Woensdae (WOW)

Vrydag: 31 Mei
05:15 Mannebediening

Hoogland Gebedsaksie:

Gebedsversoeke kan vertroulik per *WhatsApp* gestuur word na 079 815 9325.

Onthou: Hoogland se Gebedskapel is 24 uur beskikbaar vir enige Hooglander wat hier wil kom stil word en bid. Kontak gerus die kerkkantoor vir die toegangskode of stuur 'n *WhatsApp* na 079 815 9325 daarvoor of vra Sondae by Gemeentedienste.

Dankoffers

Snap here to pay
SnapScan

Bankbesonderhede
NG Kerk PE Hoogland
ABSA
Rek - 1400 149 980
Takkode - 632005

Zapper

Winterhoop 2024

WINTER
HOPE • HOOP

Hoogland is geïdentifiseer as afsetpunt vir Winterhoop.
1 - 30 Junie 2024

Wat is Winterhoop?
Winterhoop is 'n landswye kollektiewe inisiatief wat daarop gemik is om gedurende die koue wintermaande hulp te verleen aan die mees kwesbare persone en gemeenskappe.
Die insamel van bruikbare warm klere, komberse en nie-bederfbare voedselprodukte bly altyd die fokus en so poog ons om hoop te bring aan diegene wat sukkel om vir hulself en hul gesinne te sorg.

Gaan loer gerus by https://winterhoop.org

Na 'n briljante eerste sessie oor "*Wat ervaar jy tydens Trauma*" het Hanna haar kennis en geleefde wysheid met almal daar gedeel oor "*Hoe voel jy Trauma aan jou lyf*".

Enige een is steeds baie welkom om te kom aansluit, al het jy die eerste sessie misgeloop.

Daar is wel BEPERKTE plek beskikbaar - so bespreek dadelik.
Stuur 'n WhatsApp met jou naam & van EN hoeveel mense na 079 815 9325.

HOOGLAND BID VIR 29 MEI ....

- Vir die huidige Nasionale Regering: Goeie leierskap en 'n verant-woordelikheid om alle grondwetlike voorregte en vryhede te beskerm, in die laaste maand vóór 29 Mei.
- Vir die Beskermingsdienste: Pligsgetrouheid, moed en integriteit in die SAPD en SA Verdedigingsmagte se handhawing van wet en orde, vóór, tydens en ná 29 Mei.
- Vir die Onafhanklike Verkiesingskommissie: Goeie beplanning en bekwame uitvoering, logistieke vermoëns, neutraliteit en regverdigheid in hul be-geleiding van die Algemene Verkiesing 2024.
- Vir alle Politieke Leiers: Die stel van 'n voorbeeld wat spreek van wysheid, integriteit, eerlikheid, versoening en verantwoordelikheid.
- Vir die Media: Beriggewing wat spreek van ewewig, vryheid en 'n soeke na waarheid oor ons land, alle leiers en ons as burgery.
- Vir alle Kiesers: Wysheid om te onderskei waarop dit regtig neerkom in die wil van God vir ons land, en om te onderskei wie die leiers is wat ons almal daarin sal kan lei, en 'n strewe na vrede – vóór, tydens en ná die verkiesing.
- Vir die nuwe regering op nasionale & provinsiale vlak, vir die volgende jare ná 29 Mei: Om ons land te lei in 'n nuwe bedeling waarin daar geregtigheid, vrede, veiligheid en 'n lewe vir almal sal kan wees – soos wat Gód dit wil.

Sien asseblief volledige gebedsriglyne van Hoogland Gebedsaksie in die Gebedskapel.

Uit die hart ...

Dié Sondag na Pinksterfees, waar ons die uitstorting van die Heilige Gees gevier het, staan ons vir 'n oomblik stil by die Drie-eenheid. Vanoggend is Drie-eenheidsondag. Met Drie-eenheidsondag dink ons met verwondering en aanbidding na hoe God Homself, in die geboorte, lyding, sterwe en opstanding van Jesus, aan ons bekend gestel het. Dit is ons as gelowiges se belydenis dat God persoonlik as Vader, Seun en Heilige Gees bemoeienis met ons lewens maak. Wat 'n voorreg en 'n troos.

Maar in dieselfde asem, moet ons ook sê dat ons verstaan nie die Drie-Eenheid van God nie.

Augustinus vertel dit baie duidelik met 'n storie. Hy sê dat hy eendag langs die see gestap het, toe hy afkom op 'n seuntjie wat water uit die see skep en in 'n gat gooi. "Wat maak jy?" wou hy by die seuntjie weet. "Ek gaan die see in hierdie gat gooi" het die knapie glo geantwoord. Augustinus het sy gang gegaan maar later teenoor sy vriende erken dat hy heeldag met 'n vraag geworstel het: "Doen jy nie maar dieselfde as daardie seuntjie nie, Augustinus? Probeer jy werklik met jou beperkte, nietige verstandjie die diepte, die omvang, die oneindigheid van God se wese omvat?"

Ons moet erken: Net so min soos wat jy die see in 'n gat kan gooi, so min sal ons ooit God kan verstaan of verklaar. Hy is doodeenvoudig te groot en onverstaanbaar vir ons. Daarom kan ons juis op hierdie Drie-Eenheidsondag buig voor Sy grootheid.

William Temple sê om te buig voor God se grootheid, is om die gewete aan te wakker deur die heiligheid van God, om die verbeelding deur die skoonheid van God te suiwer, om die hart oop te maak vir die liefde van God, en om die wil toe te wy aan die doel van God.

Mag ons in hierdié verkiesingsweek, biddend tot ons God nader en buig voor God se grootheid. Mag Hy ons help om Sy Stem te hoor en die geraas van die wêreld om ons stil te maak.

Ds Sunell